

# GEOUDITEERDE GROEP-RESULTATE

en dividendverklaring vir die jaar geëindig **30 September 2012**

**OCEANA GROUP LIMITED**

Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika (Registrasienommer: 1939/001730/06)

## WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL STYG MET 37%




## DIVIDENDE PER AANDEEL STYG MET 37%




## VERKORTE GROEPSTAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | Aan-teke-ning | Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2012 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2011 R'000 | Verandering % |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | 4 647 951 | 3 657 196 | 27 |
| Koste van verkope | | 2 875 765 | 2 299 778 | 25 |
| Bruto wins | | 1 772 186 | 1 357 418 | 31 |
| Uitgawes t.o.v. verkope en verspreiding | | 428 870 | 338 927 | 27 |
| Bemarkingsuitgawes | | 51 323 | 44 389 | 16 |
| Bedryfsuitgawes | | 599 363 | 461 487 | 30 |
| Netto valutawins | | (18 395) | (74) | |
| **Bedryfswins voor abnormale items** | | 711 025 | 512 689 | 39 |
| Abnormale items | 3 | (47 955) | | |
| Bedryfswins | | 663 070 | 512 689 | 29 |
| Beleggingsinkomste | | 36 279 | 25 826 | 40 |
| Rente betaal | | (3 108) | (2 872) | 8 |
| **Wins voor belasting** | | 696 241 | 535 643 | 30 |
| Belasting | | 232 315 | 189 426 | 23 |
| **Wins na belasting** | | 463 926 | 346 217 | 34 |
| **Ander omvattende inkomste** | | | | |
| Beweging in valuta-omrekeningsreserwe | | 1 826 | 3 512 | |
| Beweging in kontantvloei-verskansingsreserwe | | (1 522) | 9 853 | |
| **Ander omvattende inkomste na belasting** | | 304 | 13 365 | |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | | 464 230 | 359 582 | 29 |
| **Wins na belasting toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Aandeelhouers van Oceana Group Limited | | 443 790 | 333 170 | 33 |
| Nie-beherende belange | | 20 136 | 13 047 | 54 |
| | | 463 926 | 346 217 | 34 |
| **Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Aandeelhouers van Oceana Group Limited | | 444 094 | 346 535 | 28 |
| Nie-beherende belange | | 20 136 | 13 047 | 54 |
| | | 464 230 | 359 582 | 29 |
| Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel gegrond word (000'e) | 7 | 100 100 | 99 868 | |
| Aangepaste geweegde gemiddelde getal aandele waarop verwaterde verdienste per aandeel gegrond word (000'e) | | 108 659 | 106 544 | |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | | | | |
| Basies | | 443,3 | 333,6 | 33 |
| Verwater | | 408,4 | 312,7 | 31 |
| **Dividende per aandeel (sent)** | | 301,0 | 220,0 | 37 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | | | | |
| Basies | | 455,7 | 333,7 | 37 |
| Verwater | | 419,8 | 312,7 | 34 |

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | Geouditeer 30 Sept 2012 R'000 | Geouditeer 30 Sept 2011 R'000 |
|---|---|---|
| **Bates** | | |
| Nie-bedryfsbates | 690 615 | 600 373 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 435 850 | 415 623 |
| Klandisiewaarde | 10 000 | |
| Handelsmerk | 6 229 | 18 101 |
| Visvangregte | 72 409 | |
| Uitgestelde belasting | 23 187 | 13 204 |
| Beleggings en lenings | 142 940 | 153 445 |
| Bedryfsbates | 1 878 113 | 1 422 623 |
| Voorraad | 777 979 | 489 850 |
| Rekeninge ontvangbaar | 823 956 | 536 913 |
| Kontant en kontantekwivalente | 276 178 | 395 860 |
| Totale bates | 2 568 728 | 2 022 996 |
| **Ekwiteit en laste** | | |
| Kapitaal en reserwes | | |
| Aandelekapitaal en -premie | 30 692 | 26 293 |
| Buitelandse valuta-omrekeningsreserwe | (721) | (2 547) |
| Kapitaaldelgingsreserwe | 130 | 130 |
| Kontantvloeiverskansingsreserwe | 400 | 1 922 |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | 57 144 | 49 599 |
| Uitkeerbare reserwes | 1 496 895 | 1 283 031 |
| Belang van eie aandeelhouers | 1 584 540 | 1 358 428 |
| Nie-beherende belange | 48 702 | 40 923 |
| Totale kapitaal en reserwes | 1 633 242 | 1 399 351 |
| Nie-bedryfslaste | 139 270 | 95 363 |
| Aanspreeklikheid vir aandeelgebaseerde betalings | 97 427 | 53 694 |
| Uitgestelde belasting | 41 843 | 41 669 |
| Bedryfslaste | 796 216 | 528 282 |
| Rekeninge betaalbaar en voorsienings | 751 642 | 516 966 |
| Bankoortrekkings | 44 574 | 11 316 |
| Totale ekwiteit en laste | 2 568 728 | 2 022 996 |
| Getal uitgereikte aandele na aftrekking van tesourie-aandele (000'e) | 100 219 | 99 939 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel (sent) | 1 581 | 1 359 |
| Totale laste uitgesluit uitgestelde belasting: Totale ekwiteit (%) | 55 | 42 |
| Totale lenings: Totale ekwiteit (%) | 3 | 1 |

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2012 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2011 R'000 |
|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | 1 399 351 | 1 246 470 |
| Totale omvattende inkomste vir die jaar | 464 230 | 359 582 |
| Wins na belasting | 463 926 | 346 217 |
| Beweging in valuta-omrekeningsreserwe | 1 826 | 3 512 |
| Beweging in kontantvloei-verskansingsreserwe | (1 522) | 9 853 |
| Aandele uitgereik | 3 524 | 2 524 |
| Beweging in tesourie-aandele gehou deur aandeletrusts | 875 | 640 |
| Erkenning van aandeelgebaseerde betalings | 7 614 | 9 628 |
| Verlies met verkoop van tesourie-aandele | (130) | (52) |
| Addisionele voortspruitende nie-beherende belang by verkryging | | 552 |
| Dividende verklaar | (242 222) | (219 993) |
| Saldo aan die einde van die jaar | 1 633 242 | 1 399 351 |
| Bestaande uit: | | |
| Aandelekapitaal en -premie | 30 692 | 26 293 |
| Buitelandse valuta-omrekeningsreserwe | (721) | (2 547) |
| Kapitaaldelgingsreserwe | 130 | 130 |
| Kontantvloeiverskansingsreserwe | 400 | 1 922 |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | 57 144 | 49 599 |
| Uitkeerbare reserwes | 1 496 895 | 1 283 031 |
| Nie-beherende belange | 48 702 | 40 923 |
| Saldo aan die einde van die jaar | 1 633 242 | 1 399 351 |

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN KONTANTVLOEI

| | Aan-teke-ning | Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2012 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Bedryfswins voor abnormale items | | 711 025 | 512 689 |
| Aanpassing vir nie-kontant- en ander items | | 102 832 | 97 647 |
| **Kontantbedryfswins voor bedryfskapitaalveranderings** | | 813 857 | 610 336 |
| Bedryfskapitaalveranderings | | (357 295) | 118 875 |
| **Kontant gegenereer deur bedrywighede** | | 456 562 | 729 211 |
| Beleggingsinkomste ontvang | | 25 312 | 14 320 |
| Rente betaal | | (3 108) | (2 872) |
| Belasting betaal | | (242 588) | (169 132) |
| Dividende betaal | | (242 222) | (219 993) |
| **Kontant(uitvloei)/invloei uit bedryfsaktiwiteite** | | (6 044) | 351 534 |
| **Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | (153 331) | (115 827) |
| Kapitaalbesteding | | (69 746) | (125 988) |
| Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | | 1 536 | 460 |
| Verkryging van ondernemings | 8 | (105 296) | (258) |
| Verkryging van visvangregte | | (1 296) | |
| Terugbetaling ontvang op voorkeuraandele | | 11 949 | 22 829 |
| Netto beweging in lenings en voorskotte | | 9 718 | (12 870) |
| Verkryging van belegging | | (196) | |
| **Kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | 7 987 | 4 902 |
| Opbrengs op uitreiking van aandelekapitaal | | 4 270 | 3 112 |
| Korttermynlenings aangegaan | | 3 717 | 1 790 |
| **Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente** | | (151 388) | 240 609 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar** | | 384 544 | 145 116 |
| Uitwerking van wisselkoersveranderings | | (1 552) | (1 181) |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar** | | 231 604 | 384 544 |

## AANTEKENINGE

### 1. Voorbereidingsgrondslag

Die verkorte finansiële inligting is opgestel volgens die raamwerkkonsepte en die metings- en erkenningsvereistes van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) van die Internasionale Raad vir Rekeningkundige Standaarde, die AC 500-standpunte soos uitgereik deur die Raad vir Rekeningkundige Praktyke, die inligting soos deur IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Die verslag is opgestel deur 'n rekeningkundige beleid te volg wat aan IFRS voldoen en strook met die beleid wat in die finansiële state vir die jaar geëindig 30 September 2011 toegepas is. Die verkorte finansiële inligting is onder toesig van die groep finansiële direkteur, RG Nicol GR(SA), opgestel en is ingevolge die Maatskappywet geouditeer.

Die ouditeure, Deloitte & Touche, het hul mening oor die groep se finansiële state vir die jaar geëindig 30 September 2012 uitgereik. Die oudit is ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Hulle het 'n ongewysigde ouditmening uitgereik. Hierdie verkorte finansiële state is van die groep se finansiële state afgelei en kom in alle wesenlike opsigte ooreen met die groep se finansiële state. 'n Afskrif van hul ouditverslag is ter insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar. Die ouditeursverslag dek nie noodwendig al die inligting wat in hierdie aankondiging vervat is nie. Om 'n volledige begrip van die aard van die ouditeure se werk te kry, word aandeelhouers dus aangeraai om 'n kopie van die ouditeursverslag saam met die bygaande finansiële inligting by die geregistreerde kantoor van die maatskappy te kry. Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur die maatskappy se ouditeure nagegaan nie en hulle het nie daaroor verslag gedoen nie.

| | Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2012 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2011 R'000 |
|---|---|---|
| **2. Segmentresultate** | | |
| **Inkomste** | | |
| Ingemaakte vis en vismeel | 2 582 636 | 1 981 722 |
| Kreef, tjokka en aartappelskyfies | 350 443 | 286 574 |
| Marsbanker en stokvis | 1 435 082 | 1 170 907 |
| Kommersiële koelbewaring | 279 790 | 217 993 |
| Totaal | 4 647 951 | 3 657 196 |
| **Bedryfswins voor abnormale items** | | |
| Ingemaakte vis en vismeel | 318 941 | 171 761 |
| Kreef, tjokka en aartappelskyfies | 29 538 | 13 399 |
| Marsbanker en stokvis | 296 578 | 273 795 |
| Kommersiële koelbewaring | 65 968 | 53 734 |
| Totaal | 711 025 | 512 689 |
| **Totale bates** | | |
| Ingemaakte vis en vismeel | 1 362 685 | 789 994 |
| Kreef, tjokka en aartappelskyfies | 95 680 | 136 782 |
| Marsbanker en stokvis | 427 057 | 319 370 |
| Kommersiële koelbewaring | 241 002 | 214 342 |
| Finansiering | 419 117 | 549 304 |
| | 2 545 541 | 2 009 792 |
| Uitgestelde belasting | 23 187 | 13 204 |
| Totaal | 2 568 728 | 2 022 996 |
| **Totale laste** | | |
| Ingemaakte vis en vismeel | 515 752 | 250 063 |
| Kreef, tjokka en aartappelskyfies | 44 808 | 60 169 |
| Marsbanker en stokvis | 220 055 | 212 653 |
| Kommersiële koelbewaring | 60 456 | 43 493 |
| Finansiering | 52 572 | 15 598 |
| | 893 643 | 581 976 |
| Uitgestelde belasting | 41 843 | 41 669 |
| Totaal | 935 486 | 623 645 |

| | Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2012 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2011 R'000 |
|---|---|---|
| **3. Abnormale items** | | |
| Administratiewe boete gehef deur die Mededingingskommissie | (34 750) | |
| Handelsmerk-waardedaling | (13 205) | |
| Abnormale uitgawe voor belasting | (47 955) | |
| Belasting | | |
| Abnormale uitgawe na belasting | (47 955) | |
| **4. Bepaling van wesensverdienste** | | |
| Wins na belasting toeskryfbaar aan eie aandeelhouers | 443 790 | 333 170 |
| Aangepas vir: | | |
| Handelsmerkwaardedaling | 13 205 | |
| Netto (surplus)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | (1 193) | 57 |
| Totale belastingeffek van aanpassings | 356 | (17) |
| Wesensverdienste vir die jaar | 456 158 | 333 210 |
| **5. Dividende** | | |
| Geraamde dividend na verslagdatum verklaar | 256 560 | 182 906 |
| Dividend op aandele uitgereik voor laaste verhandelingsdatum | | 213 |
| Werklike dividend na verslagdatum verklaar | | 183 119 |
| **6. Aanvullende inligting** | | |
| Amortisasie | 853 | |
| Waardevermindering | 86 339 | 77 209 |
| Bedryfsbruikhuurkoste | 39 615 | 28 763 |
| Kapitaalbesteding | 69 746 | 125 988 |
| Uitbreiding | 2 085 | 23 321 |
| Vervanging | 67 661 | 102 667 |
| Begrote kapitaalverbintenisse | 181 159 | 141 545 |
| Gekontrakteer | 21 879 | 23 981 |
| Nie gekontrakteer nie | 159 280 | 117 564 |

| | Getal aandele '000 | Getal aandele '000 |
|---|---|---|
| **7. Uitskakeling van tesourie-aandele** | | |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele | 119 332 | 119 157 |
| Minus: tesourie-aandele deur aandeletrusts gehou | (14 138) | (14 195) |
| Minus: tesourie-aandele deur filiaalmaatskappy gehou | (5 094) | (5 094) |
| Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel gegrond word | 100 100 | 99 868 |

| | Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2012 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 Sept 2011 R'000 |
|---|---|---|
| **8. Verkryging van ondernemings** | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | (37 400) | (2 817) |
| Klandisiewaarde | (10 000) | |
| Visvangregte | (68 860) | |
| Voorraad | | (2 187) |
| Rekenings ontvangbaar | | (2 232) |
| Rekenings betaalbaar en voorsienings | 514 | 3 001 |
| Voorwaardelike koopsom | 10 450 | |
| Belasting | | 1 200 |
| Uitgestelde belasting | | 2 225 |
| Nie-beherende belang | | 552 |
| Kontantbeweging met verkryging van ondernemings | (105 296) | (258) |

Oordrag van die stokvis-, marsbanker- en koelbewaringsondernemings wat van die Lusitania-groep en geassosieerde maatskappye verkry is, het op 18 September 2012 plaasgevind. As gevolg van die verkryging het Oceana se persentasiebelang in die diepsee- en kusstokvis-TTV (totale toelaatbare vangs) van 1,0% tot 3,3% gestyg en in die marsbanker-TTV van 30,7% tot 34,7%. Goedkeuring vir oordrag van 'n addisionele stokviskwota wat 0,8% van die TTV verteenwoordig, is nog uitstaande. Twee treilers en 'n kaaiperseel met 'n 4 400 palet-koelstoor is by die verkryging ingesluit. 'n Besluit deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye om die suidkuskreef-visvangregte oor te dra, is nie verkry nie en hierdie element van die transaksie is dus nog nie uitgevoer nie.
Die billike waarde van die visvangregte en bates wat verkry is, is voorlopig en kan aangepas word by oordrag van addisionele visvangregte en visvangooreenkomste wat deur die voorwaardelike koopsom verteenwoordig word. Klandisiewaarde het ontstaan by die verkryging van die V&A Koelstoor. Aangesien die besigheidskombinasie hoofsaaklik deur die verkryging van bates aangegaan is, is dit nie prakties moontlik om pro forma inkomste- en wins/verlies-inligting vir die gekombineerde entiteit te bepaal en bekend te maak asof die verkrygings aan die begin van die jaar plaasgevind het nie.

### 9. Gebeure na die verslagdatum

Daar was geen gebeure na die verslagdatum wat 'n invloed op die groep se gerapporteerde finansiële posisie op 30 September 2012 kan hê nie.

Die maatskappy het 'n ooreenkoms aangegaan met betrekking tot 'n koopopsie vir 'n potensiële spesifieke terugkoop van sy aandele. Besonderhede hieroor is op 7 November 2012 bekend gemaak.

## VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Hiermee word kennis gegee van dividend nommer 138. 'n Bruto finale dividend van 256 sent per aandeel, ten opsigte van die jaar geëindig 30 September 2012, is op Donderdag, 8 November 2012, verklaar. Waar van toepassing, sal die aftrekking van dividendterughoubelasting teen 'n koers van 15% lei tot 'n netto dividend van 217,6 sent per aandeel.

Die maatskappy het geen krediete ten opsigte van sekondêre belasting op maatskappye beskikbaar nie. Die getal gewone uitgereikte aandele op die datum van hierdie verklaring is 119 429 157. Die Maatskappy se belasting-verwysingsnommer is 9675/139/71/2. Relevante datums is soos volg:

| | |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling met dividend | Vrydag, 4 Januarie 2013 |
| Handel sonder dividend begin | Maandag, 7 Januarie 2013 |
| Rekorddatum | Vrydag, 11 Januarie 2013 |
| Dividend betaalbaar | Maandag, 14 Januarie 2013 |

Aandeelsertifikate mag van Maandag, 7 Januarie 2013, tot en met Vrydag, 11 Januarie 2013, nie gedematerialiseer of geregmaterialiseer word nie.

Op las van die direksie

**JC Marais**
*Maatskappysekretaris*

8 November 2012

## KOMMENTAAR

### Finansiële resultate

Wesensverdienste per aandeel vir die jaar geëindig 30 September 2012 het met 37% gestyg teenoor die vorige jaar. Verdienste per aandeel is 33% hoër.

Groepbedryfswins voor abnormale items het met 39% toegeneem. Al die besigheidsegmente het beter resultate getoon, danksy 27% hoër omset. Die ingemaaktevis-besigheidseenheid het besonder goed gevaar en saam met die ommekeer in die vismeel-eenheid gesorg vir die grootste bydrae tot die winsstyging. Abnormale items het bestaan uit die administratiewe boete wat aan die Mededingingskommissie betaal is en die waardedaling van die Glenryck-handelsmerk in die Verenigde Koninkryk.

'n Finale dividend van 256 sent per aandeel is verklaar, wat saam met die tussentydse dividend van 45 sent die totale dividend vir die jaar op 301 sent per aandeel te staan bring, wat 37% hoër is as 2011 se totale dividend van 220 sent.

## BEDRYFSOORSIG

### Ingemaakte vis en vismeel

Ingemaakte vis se verkoopsvolumes in die plaaslike mark was aansienlik hoër as in die vorige jaar. Die besigheid het steeds gebaat by sy toonaangewende handelsmerk Lucky Star wat goed geplaas is as bekostigbare proteïen in die laer LSM-segmente van die mark. Verdere vordering is gemaak om 'n betroubare internasionale verskaffingsketting te verkry, wat aansienlik hoër bedryfskapitaalvereistes meegebring het. Dit was nodig om beskikbaarheid van produkte te verseker, wat van die wispelturigheid van die wêreldwye sardynvisbedryf afhanklik is. Hoewel addisionele verskaffers plaaslik en in Namibië gekontrakteer is, het invoer as 'n persentasie van totale voorraad toegeneem.

Die totale toelaatbare vangs (TTV) in 2012 vir sardyne in Suid-Afrika is 100 595 ton (2011: 90 000 ton). Sardynvangste en opbrengste by die inmaakfabriek in St Helenabaai was goed en die maatskappy se volle kwota behoort teen die einde van die seisoen gevang te wees. Die Namibiese sardyn-TTV was 31 000 ton (2011: 25 000 ton) en alle kwotas wat aan Etosha Fishing se inmaakfabriek gekontrakteer is, was teen die finansiële jaareinde afgehandel. Oor die algemeen was die winsgewendheid van die ingemaaktevis-bedrywighede heelwat hoër as in die vorige jaar

Die ansjovis-TTV vir die A-seisoen, wat op 31 Augustus ten einde geloop het, was 352 718 ton, en vir die B-seisoen 120 000 ton (2011: A-seisoen 270 291 ton; B-seisoen 120 000 ton). Oceana het 75% van sy A-seisoen-kwota en 30% van sy B-seisoenkwota gevang, wat gelei het tot aansienlik hoër vismeel- en visolievolumes as in die vorige jaar toe slegs 47% van die A-seisoenkwota gevang is. Verkooppryse in rand was gemiddeld effens hoër as die vorige jaar en die besigheid het weer winsgewend geword na die beduidende verlies van die vorige jaar.

### Kreef, tjokka en aartappelskyfies

Die TTV vir weskuskreef het tot 2 425 ton (2011: 2 286 ton) gestyg. Beskikbare kwota vir Oceana vir die seisoen tot 30 September 2012 was 327 ton (2011: 325 ton), en die volle kwota is gevang. Hoewel die oorsese koopprys gemiddeld laer was as in die vorige jaar, het die swakker rand beter verkooppryse in rand opgelewer. Die besigheid het ook baat gevind by groter verkoopsvolumes van sy hoë beginvoorraad en wins was dus hoër.

Oceana se swak tjokkavangste van die afgelope somerseisoen het in die tweede helfte van die jaar voortgeduur, en vangste in dié bedryf was die laagste die afgelope dekade. Verkooppryse het in euro en rand gestyg, maar die besigheid het vir die jaar 'n verlies aangeteken.

Aartappelskyfies het goed presteer, hoofsaaklik danksy sterk volumegroei in die kitskosrestaurante- en waardetoevoegingsegmente. Hoër volumes en verbeterde produksiedoeltreffendheid het koste per eenheid verminder. Danksy bogenoemde het hierdie besigheid weer winsgewend geword.

### Marsbanker en stokvis

Die marsbanker-TTV in Namibië het gestyg tot 320 000 ton (2011: 310 000 ton). Aan nuwe regtehouers is 41% van die TTV vir oopseetreilers toegeken, met die gevolg dat bestaande regtehouers 'n kleiner toekenning gekry het. In Suid-Afrika is die maksimum voorsorgvangslimiet vir aangewese marsbankervangste steeds 31 500 ton.

Vangste in Namibië in die tweede helfte van die jaar het ooreengestem met die vergelykende tydperk en vir die volle jaar was hulle in die geheel effens hoër as gevolg van die addisionele kwota wat in die laaste kwartaal van kalenderjaar 2011 beskikbaar gestel is.

Die voordeel van groter volumes en die gunstiger wisselkoers is deels teen-gewerk deur hoër kwotakoste wat as gevolg van die hertoekenning van regte aangegaan is.

Visvangtoestande langs die Suid-Afrikaanse kus was swak in die tweede helfte van die jaar. Visvangvolumes het afgeneem en brandstof- en arbeidskoste was hoër, wat die koste per ton vis gevang verhoog het. Verkoopspryse was stewiger, veral vir groot vis, en het die hoër visvangkoste teengewerk.

Wins uit marsbankers het matig gestyg.

Die stokvis-onderneming het verbeter teenoor die vorige jaar, as gevolg van beter visvangsyfers, hoër plaaslike en uitvoerverkoopspryse en die gunstige uitwerking van die swakker rand.

### Koelbewaring

Die koelbewaringsbesigheid het baie goeie besettingsvlakke gehad en hoë volumes is by die meeste koelstore hanteer in die tweede helfte van die jaar – hoofsaaklik pluimvee en vis. Die addisionele kapasiteit by die City Deep-koelstoor is goed benut en het geblyk 'n tydige uitbreiding te wees. Die vrugtehanteringsegment van die besigheid in die hawe van Durban het weer eens teleurstellend presteer en 'n verlies getoon, alhoewel volumes die aktiwiteit verhoog het.

DIe besigheid se totale wins het aansienlik verbeter teenoor die vorige jaar.

### Vooruitsigte

Die groep is goed geplaas om voordeel te trek uit geleenthede vir organiese groei en groei deur verkrygings.

Namens die direksie

**MA Brey**
*Voorsitter*

**FP Kuttel**
*Hoof uitvoerende beampte*

8 November 2012

**Direkteure:** MA Brey (voorsitter), FP Kuttel* (hoof uitvoerende beampte), ZBM Bassa, PG de Beyer, ABA Conrad*, PB Matlare, RG Nicol*, S Pather, PM Roux, NV Simamane, TJ Tapela (*uitvoerend)

**Geregistreerde kantoor:** 9de Verdieping, Oceana House, Jan Smutsstraat 25, Strandgebied, Kaapstad 8001

**Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services Eiendoms Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001 (Posbus 61051, Marshalltown 2107)

**Borg – Suid-Afrika:** Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk
**Borg – Namibië:** Old Mutual Investment Services (Namibia) (Proprietary) Limited

**Maatskappysekretaris:** JC Marais

**JSE-aandeelkode:** OCE **NSX-aandeelkode:** OCG
**ISIN-nommer:** ZAE000025284

**www.oceana.co.za**

GREYMATTER & FINCH # 6609